Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 43 | 16 September 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

" 80% of success is showing up ".
~ Woody Allen ~

ALGEMENE JAARVERGADERING: 18 OKTOBER 2021

Neem asseblief kennis van die skool se Algemene Ouervergadering wat op **Maandag, 18 Oktober 2021, om 18:00** sal plaasvind. Die vergadering gaan hierdie jaar, soos verlede jaar, as gevolg van die covid-regulasies, **ELEKTRONIES** aangebied word.

Ouers kan op dié dag inskakel, waartydens die verslae vir 2021 en die begroting vir 2022 via Teams aan ouers voorgelê sal word.

Volgens die Skolewet moet die skool 'n kworum van 15% van die totale geregistreerde ouers teenwoordig hê (aanlyn). Dit is juis daarom **baie belangrik** dat ouers asseblief om 17:50 inskakel, en ingeskakel bly tot 18:30. Indien die skool nie 'n kworum van 15% bereik nie, sal die vergadering nie kan voortgaan nie en word die vergadering dan vir Maandag, 25 Oktober 2021 om 18:00, geskeduleer.

BELANGRIK: **Elke ouer** moet asseblief **afsonderlik** registreer en **slegs** biologiese ouers, of geregistreerde voogde soos op die skool se databasis, sal toegelaat word om te registreer en die vergadering by te woon.

BELANGRIK: Sodra u ingeskakel het, vra ons dat u asseblief u naam en van, en die van u gade, (indien u een toestel gebruik) in die "vraag-en-antwoord boksie" sal inlees.

Ouers het twee opsies om te registreer:

1. Kliek gerus op die **skakel** hieronder

Registrasie link :
https://forms.office.com/r/rCZrfsnNe6

OF

2. Skandeer die QR kode met enige slimfoon.

Indien ouers nie voor die tyd registreer nie, sal hulle ongelukkig nie toegang tot die vergadering kan kry nie.

Om data te bespaar sal die vergadering nie langer as 40-minute duur nie.

Daar sal 'n geleentheid wees om vrae te vra en 'n stemming vir resolusies sal ook op dieselfde platform behartig word.

Om vir ouers die geleentheid te gee om seker te maak dat u wel tot die platform toegang het, sal die skool die volgende datums gebruik om enige onsekerhede uit die weg te ruim.

Maandag 11 Oktober 2021
Ouers kan om 18:00 inskakel om te toets of die platform werk. E-pos asseblief enige probleme of navrae na: budget2022@riebie.co.za.

Maandag 18 Oktober 2021
Ouers moet asseblief om 17:50 inskakel. Die vergadering sal om **18:00** 'n aanvang neem.

AANLYN INSKRYWINGS – GRAAD 1 (2022)

Die Gauteng Departement van Onderwys se aanlynstelsel, met die oog op die inskrywings vir ons Graad 1 leerders vir 2022 is reeds vanaf 13 September 2021 lewendig. Ons doen 'n beroep op al ons toekomstige Graad 1 Riebies wat nog nie geregistreer en aansoek gedoen het nie, om dit so gou moontlik te doen.

ERFENISDAG: 24 SEPTEMBER 2021

23 September 2021 : Skool sluit om 12:00.
24 September 2021 : Skool gesluit – Publieke Vakansiedag.

Die skool sal weer op Maandag, 27 September 2021, normaal voortgaan.

Children grow incredibly fast... So slow down for a moment and enjoy your kids TODAY... !

LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK JAARBLAD

Eerste in sy soort by Laerskool Van Riebeeckpark – 'n Jaarblad !

Die Riebies is 35 jaar jonk! Ten spyte van al die gebeure wat ons almal se lewe op ys geplaas het, is Laerskool Van Riebeeckpark se geskiedenis nie op ys nie😊. Die skool het dit goedgedink om ons 35-jarige herdenking met die gemeenskap te deel. 'n Groot produksie is nie moontlik nie, maar niemand sê ons mag nie steeds al ons leerders en personeel se ervarings in 'n pragtige boek vasvang nie. Die Jaarblad sal nie net, onder andere, 2021 se gebeure vasvang nie, maar ook die laaste 35 jaar se geskiedenis. U kan deel wees van die geskiedkundige "gedrukte-nis" – die RIEBIE JAARBLAD !

Aandag alle oud-Riebie-ouers!

Indien u self in Laerskool Van Riebeeckpark was en u nou tans 'n leerder in die skool het, versoek ons asseblief die volgende vir die Jaarblad:

☆ 1 x foto waar u in u Riebie skooldrag "pronk"; en
☆ 1 x foto van uself, huidiglik.

Stuur asseblief u foto's, naam, van en tydperk in VRP na jaarblad@riebie.co.za.

Indien u belangstel om 'n bladsy te borg en 'n advertensie daarop te plaas is die koste as volg: **A4 = R2 500.00 en A5 = R1 800.00.**

Indien u nie 'n advertensie het nie en wil 'n advertensie laat ontwerp, is die addisionele kostes as volg: **A4 = R600.00 en A5 = R450.00.**

Indien u, u kind se "klasfoto-bladsy" wil borg, is die koste R300.00 en u kind se naam sal dan onderaan die bladsy verskyn. **Stuur gerus 'n e-pos na jaarblad@riebie.co.za indien u belangstel.😊**
Die bladsyborg sal toegeken word op 'n "*first come, first serve*" basis.

Advertensies wat reeds ontwerp is kan gestuur word na jaarblad@riebie.co.za nie later as 18 Oktober 2021 nie.

Vir advertensies wat nog ontwerp moet word, kan al die inligting wat op die advertensie moet verskyn, aangestuur word na jaarblad@riebie.co.za nie later as 11 Oktober 2021 nie.

BESTEL EN BETAAL U JAARBLAD SOMMER NOU
TEEN SLEGS R250.00 PER JAARBLAD
Ons vra dat ouers ons asseblief sal ondersteun.

Bank	:	FNB
Takkode	:	205609
Rekeningnommer	:	6274 913 4243
Verwysingsnommer	:	9719 Jaarblad

Vir enige ander navrae, e-pos gerus vir Mev. J. Ruthven by julie@riebie.co.za.

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

AKADEMIE

SKRIFPAKKETTE - 2022

Graad 1 – Graad 6 ouers word herinner dat die betaling van die skrifpakkette teen 31 Oktober 2021 afgehandel moet wees. Geen uitstel kan gegee word, aangesien die pakkette bestel en gepak moet word.

PRYS PER PAKKET : R250.00

Bankbesonderhede
Rekeningnaam : Laerskool van Riebeeckpark
Bank : FNB
Tipe Rekening : Tjekrekening
Takkode : 205 609
Rekeningnommer : 6274 913 4243
Verwysingsnommer : 9805 en Leerder se naam, van en graad

SPORT

ATLETIEK

Oefentye

Maandae & Woensdae	15:15 – 16:15	Verspring, Hoogspring en Hekkies Gewigstoot **Dogters**
Dinsdae & Donderdae	14:15 – 15:15	Verspring, Hoogspring en Hekkies Gewigstoot **Dogters**
Maandae & Woensdae	14:15 – 15:15	Middel-afstande & **Senior** Naellope **Junior** Naellope
Dinsdae & Donderdae	15:15 – 16:15	Middel-afstande & **Senior** Naellope **Junior** Naellope
Maandae – Donderdae	15:00 – 16:00	Gewigstoot **Seuns**

GEEN OEFENING 23 SEPTEMBER 2021 NIE – DIE SKOOL SLUIT 12:00

Uitdunne

Die skool gaan op 23 September 2021, gedurende skoolure, uitdunne vir middelafstande en naellope hou. Leerders moet asseblief met hul atletiekdrag en skoolsweetpak skooltoe kom.

Die gewone akademiese rooster sal gevolg word, met leerders wat spesifieke tye na uitdunne sal uitbeweeg.

Uitdunne vir velditems sal vanaf 27 tot 29 September 2021 plaasvind. Verdere inligting sal deurgegee word.

KRIEKET

Oefentye

Maandag – Woensdag 2de Span 14:15 – 15:15

GEEN OEFENING 23 SEPTEMBER 2021 NIE – DIE SKOOL SLUIT 12:00

LIGA-WEDSTRYDE: Die spesifieke dag waarop wedstryde gaan plaasvind sal aan ouers op die WhatsApp-groepe gekommunikeer word.

20 September 2021 – 23 September 2021	L/S VRP vs Tembisa	2de Span
27 September 2021 – 1 Oktober 2021	FINALE	

MINI-KRIEKET

Oefentye

Dinsdag

O/7 en O/8 13:30 – 14:00
O/9B 13:45 – 14:15

GEEN OEFENING 23 SEPTEMBER 2021 NIE – DIE SKOOL SLUIT 12:00

TENNIS

Oefentye

(Graad 4 – Graad 7 seuns en dogters)
Dinsdae en Donderdae 06:00 – 07:00

MINI-HOKKIE

Oefentye

Dinsdag (Dogters moet, indien moontlik, hul eie stok en bal saambring).

O/7 en O/8 13:30 – 14:00
O/9 13:45 – 14:15

GEEN OEFENING 23 SEPTEMBER 2021 NIE – DIE SKOOL SLUIT 12:00

HOKKIE

DOGTERS OEFENTYE

Maandag	O/10 en O/11	14:15 – 15:15
	O/12 en O/13	15:15 – 16:15
Dinsdag	O/12 en O/13	14:15 – 15:15
	O/10 en O/11	15:15 – 16:15
Woensdag	O/10 en O/11	14:15 – 15:15
	O/12 en O/13	15:15 – 16:15

GEEN OEFENING 23 SEPTEMBER 2021 NIE – DIE SKOOL SLUIT 12:00

DOGTERS WEDSTRYDE

Die O/10, O/11, O/12 & O/13 dogters Hokkiespanne sal as volg wedstryde speel:

21 September 2021	:	VRP vs Jan Van Riebeeck (by Jan Van Riebeeck)
28 September 2021	:	VRP vs Baanbreker (by Jeugland) **tentatief**-sal bevestig word.

SEUNS OEFENTYE

Maandag	15:15 - 16:15
Dinsdag	14:15 – 15:15
Woensdag	15:15 – 16:15

GEEN OEFENING 23 SEPTEMBER 2021 NIE – DIE SKOOL SLUIT 12:00

SEUNS WEDSTRYDE

Die O/13 seuns Hokkiespan sal as volg wedstryde speel:

September 2021	:	VRP vs Woodlands (by Woodlands) **Datum sal bevestig word.*
21 September 2021	:	VRP vs Randhart (by Jeugland)
28 September 2021	:	VRP vs Kruinsig (by Jeugland)

Kultuur

REDENAARS

Die volgende leerders het by die **INTERSKOLE Redenaars** kompetisie deurgedring na die **NASIONALE LANDSFINAAL**. Ons is baie trots op julle! Sterkte met jul deelname wat tussen 8 en 10 Oktober 2021 gaan plaasvind.

Amika Theron	Graad 2
Rosa Brand	Graad 5
Tertius van der Walt	Graad 6

Die volgende leerders het by die ***INTERSCHOOLS Public Speaking*** kompetisie deurgedring na die ***NATIONAL FINALS***. Ons is trots op julle! Sterkte met jul deelname wat op 9 Oktober 2021 plaasvind.

Amika Theron	Graad 2
Jean-Miné Brits	Graad 3
Tertius van der Walt	Graad 6
Lesedi Mokgatlhane	Graad 7

Baie geluk aan die bogenoemde "gladdebekkies" wat nie huiwer om standpunt in te neem nie. Julle het beslis die beoordelaars oortuig en ons laat juig met die uitslae.

Ons hou vir jul styf duime vas !!!

Tertius en Amika verteenwoordig die skool by beide die Afrikaans en Engels Landsfinaal... Sjoe! Wat 'n uitstekende prestasie. Julle maak ons trots!

ALGEMEEN

DEPARTEMENT OPVOEDKUNDE

Ouers moet asseblief kennis neem van onderstaande:

Ontwurming-tablette is vanaf die Departement ontvang en die leerders wie se ouers toestemming gegee het dat hul kind/ers die tablet kan ontvang, sal op 22 Oktober 2021 die tablet by hul klasonderwyser (vir Juniors) en registeronderwyser (vir Seniors) ontvang om te drink.

Daar is slegs tablette beskikbaar vir die kinders wie se ouers 'n ja aangedui het en wie se briewe terug ontvang is.

KASKARDAG

Woensdag, 22 September 2021, is ons skool se Kaskardag. Die leerders sien al vir weke uit na dié Pretdag en die tyd het uiteindelik aangebreek om met die kaskarre rond te jaag!

Ons bedank al die ouers en persone wat 'n donasie gemaak het. Ons weet dat die Olyf-projek sommer baie huisgesinne in die komende Kerstyd sal kan uithelp en soos gewoonlik 'n groot verskil in ons gemeenskap gaan maak. Ons is dankbaar vir elke Riebie-ouer en kind vir hul goedhartigheid.

Reëlings vir die dag: Elke klas het self 'n tema gekies waarvolgens hulle die dag gaan aantrek. Leerders kom reeds die oggend met dié klere skool toe. Elke graadgroep sal deur die loop van die dag 'n vasgestelde tyd hê waarin hulle eers 'n optog gaan hou en dan ook kaskarre kan ry. Elke leerder in die skool gaan 'n geleentheid kry om kaskar te ry – dit maak nie saak hoeveel geld die kind ingesamel het nie.

Die snoepie sal oop wees en leerders sal die geleentheid kry om die snoepie te besoek. Snoepie kos bestellings vir die Woensdag moet reeds Dinsdag geplaas word. GEEN kos bestellings sal die Woensdag geplaas kan word nie.

Die eindeksamen is om die draai en die normale akademiese program sal gedurende die dag in die klasse voortgaan. Leerders moet dus met hulle skooltasse skool toe kom vir normale Woensdag-akademie. Normale skoolure word gevolg.

Ons glo dat julle saam met ons opgewonde is oor dié dag!

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 20 SEPTEMBER 2021 – 23 SEPTEMBER 2021

MAANDAG	HOENDER A'LA KING	BROODJIE & SAP
DINSDAG	MACARONI EN KAAS	VRUG & SAP
WOENSDAG	CHIP ROLLS	MELKTERT
DONDERDAG	HAM EN KAAS TOEBROODJIE	VRUG & SAP / BROODJIE
VRYDAG	*** NASKOOLSENTRUM GESLUIT - PUBLIEKE VAKANSIEDAG ***	

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***